education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

NOVEMBER 2009

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer Transaksionele Teks	(30)
AFDELING C:	Korter Teks – Transaksioneel/Informatief/Naslaan	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet beplan (byvoorbeeld met 'n breinkaart, diagram, vloeidiagram, sleutelwoorde ensovoorts), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet voor elke skryfstuk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Jy behoort 80 minute aan AFDELING A te bestee, 40 minute aan AFDELING B en 30 minute aan AFDELING C.

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel/opskrif. LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400 tot 450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

1.1 My oupa het dit vir my gegee. **[50]**

OF

1.2 As 'n kans verbyglip … **[50]**

OF

1.3 Hoe deursettingsvermoë en harde werk tot sukses gelei het. **[50]**

OF

1.4 "My woorde is kaal …" (Vincent Oliphant) **[50]**

OF

1.5 Wat verkies jy – fliek in 'n teater of video's by die huis? Jy kan ook die volgende inligting in jou opstel gebruik:

KENNERS VERDEEL TUSSEN TUISKYK EN TEATER

James O' Ehley
(Redakteur van *SA Movie and DVD Magazine*)

Die beste plek om na 'n fliek te kyk, is op die groot skerm.

Die inhoud van rolprente vandag, asook die reaksies van mense daarop, het die kykerervaring so vertroebel dat ek eerder alleen na 'n video by die huis sal kyk.

Prof. John Botha (Medeprofessor in Kunsgeskiedenis en Rolprentstudies, Universiteit van Noordwes)

Wat kos dit?

FLIEK	Teater	Wo. - Ma.	Di.	VIDEO'S	Winkel	
	Ster-Kinekor Classic	R45	R22,50 (met klubkaart)		Mr Video	R12 – R25
	Ster-Kinekor Junction	R15/R19/ R25	R7,50/R9,50/ R12,50 (met klubkaart)		Video Den	R15 – R25
	Nu Metro	R29,50 Pensioentrekkers, kinders o/13: R21 Sekere teaters: R16/R20			Ster-Kinekor Moviestop	R25 – R27

[Uit: *Beeld*, 11 Julie 2008]

[50]

OF

1.6 Kies EEN van die prikkels (1.6.1 – 1.6.3) en ontwikkel jou eie tema.

1.6.1

[Uit: *DSTV-gids*, Mei 2008]

OF

1.6.2

[Uit: *Google Images*]

OF

1.6.3

[Uit: *Gauteng*, Desember 2007] **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 180 tot 200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

2.1 **TOESPRAAK**

MET GENOEG TYD KAN KLEINGELD GROOT GELD WORD

Jong volwassenes moet vroeg leer hoe om verantwoordelik met hul inkomste te werk. As jy nie vir die res van jou lewe heeltyd bekommerd wil wees oor geld nie, moet jy liefs sommer dadelik begin spaar. Jy moet 'n TOESPRAAK lewer waarin jy jou vriende gaan motiveer om te begin spaar.

Moontlike aspekte waaraan jy aandag kan gee:



[Uit: *Sake24,* 12 Julie 2008]

[30]

OF

2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Skryf 'n liefdesbrief/waarderingsbrief aan 'n geliefde (dit kan ook jou ma, ouma, boetie, sussie wees) waarin jy jou emosies en gedagtes op papier uitstort. Sê ook aan die persoon hoe jy oor hom/haar voel en wat hy/sy vir jou beteken. **[30]**

OF

2.3 DIALOOG



[Uit: *Vrouekeur,* Julie 2008]

Jy het hierdie kompetisie gewen. Die tydskrif wil 'n onderhoud met jou voer voordat jy na jou droombestemming vertrek. Skryf die DIALOOG tussen jou en die joernalis neer. **[30]**

OF

2.4 AGENDA EN NOTULE

Jy is die sekretaresse van jou skool se Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL). Julle gaan 'n vergadering met al die komitees (sport, kultuur, sosiaal, ensovoorts) hou. Skryf die AGENDA vir die vergadering en die NOTULE van die vorige vergadering wat jy vir die lede se kennisname sal aanstuur. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORTER TEKS – TRANSAKSIONEEL/INFORMATIEF/NASLAAN

VRAAG 3

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 100 tot 120 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

3.1 **UITNODIGING**

Jy beplan 'n verrassingspartytjie met 'n tema vir jou vriend/vriendin se verjaarsdag. Stuur die UITNODIGING en reëlings aan julle vriendekring. **[20]**

OF

3.2 **ADVERTENSIE**

Jy wil graag 'n diens of 'n produk aan die publiek bekendstel. Skryf 'n ADVERTENSIE vir die produk of diens, vir plasing in die tydskrif se kleinadvertensie-afdeling.

[Uit: *Rooi Rose,* Julie 2009]

[20]

OF

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy het iets lekkers gemaak om te eet. Jou vriende geniet dit en komplimenteer jou. Verduidelik aan jou vriend/vriendin hoe hy/sy dit ook kan maak. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou